# Lesing 11.06.2018 - DEEL 25 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Beloftes van die Trooster

[Die Fontein van JaHWeH]

**Ode 30:1** SKEP vir julself water van die **Lewende Fontein van JaHWeH**, want Sy (die **Waarheid**) is vir julle geopen. [Openbaring 21:6]

2 En kom, almal julle wat dors het en neem ‘n teug, en rus by die **Fontein van JaHWeH**,

3 Want Sy is voortreflik en suiwer en verskaf rus aan die siel. [Hebreërs 4:9]

4 Want Haar waters is meer genotvoller as **heuning**, en die heuningkoek van bye is nie met Haar te vergelyk nie; [Hooglied 4:11]

5 Want **Sy kom van die Lippe van JaHWeH en van die Hart van JaHWeH is Haar Naam**. [Wysheid van Sirah 24:3; Wysheid van Salomo 7:25]

6 Sy het **ongehinderd en ongesiens** gekom, en totdat Sy in hulle midde geplaas is, het die mense nie van Haar geweet nie. [2 Ezra 7:26]

7 Geseënd is dié wat van Haar gedrink het, en deur Haar verfris is. [Wysheid van Sirah 6:32; 15:5]

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

**[Die Seun:]**

**Ode 33.1** MAAR weer eens het Barmhartigheid padgegee en Verdorwenheid agtergelaat, en op Hom neergedaal om Hom tot niet te maak.

2 Hy het voor HOM totale vernietiging aangerig, en al Sy werke bederf.

**[Die Besoedelde:]**

3 HY het op ‘n hoë piek gestaan en sy stem laat hoor, van een uiteinde van die Aarde tot die ander;

4 En hy het na hóm aangetrek, almal wat hom gehoorsaam het en hy het nie voorgekom as die **Besoedelde een** nie.

**[Die Waarheid:]**

5 MAAR ‘n **Volmaakte Maagd** het gestaan, en aangekondig en uitgeroep en gesê,

6 Draai om, julle **seuns van adam**, en julle, hulle dogters, kom,

7 En verlaat die weë van **verdorwenheid** en kom na My;

8 En Ek sal julle binnedring en julle uit vernietiging haal en julle wys maak in die **Weë van Waarheid**.

9 Moenie verdorwe raak nie, en moenie tot niet gaan nie.

10 **Luister na My** en word verlos. Want Ek verkondig aan julle die Barmhartigheid van Elohim.

11 **Deur My** sal julle verlos word en geseënd word: **Ek is jul Regter.**

12 En diegene wat hulle **met My beklee**, sal nie verwerp word nie, maar sal Onverdorwenheid in die nuwe wêreld verkry.

13 0 My uitverkorenes, **wandel in My**! En Ek sal My **Weë bekend maak** aan hulle wat My soek, en maak dat hulle in **My Naam** sal vertrou. [Wysheid van Sirah 15:1-10]

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

**Wysheid van Sirag 15.1** WANT hy wat JaHWeH vrees, doen goed, en **hy wat die Wet aangryp, sal Haar vind**. [Deuteronómium 30:13]

2 En Sy sal hom teëkom **soos ‘n Moeder**, en soos ‘n vrou van die jeug sal Sy hom aanneem. [Spreuke van Salomo 1:8; 2 Ezra 2:5]

3 En Sy sal hom **voed met Brood** van Insig, en Water van Verstand sal Sy hom laat drink.

4 En hy wat op Haar leun, sal nie wankel nie, en hy wat op Haar vertrou, sal nie beskaam word nie. [Odes van Salomo 33:13]

5 En Sy sal hom verhef bo sy naaste, en te midde van die gemeente **sal Sy sy mond** oopmaak. [Odes van Salomo 30:7]

6 Vreugde en Blydskap sal hy vind, en Sy sal hom ‘n onsterflike naam laat erwe.

7 **Tweegesigte** sal Haar nie in besit kry nie, en trotsaards sal Haar nie sien nie.

8 Ver verwyder is Sy van die **spotters, en leuenaars** sal aan Haar nie dink nie.

9 **Roem** is nie gepas in die mond van die wettelose nie, want Sy is deur JaHWeH nie aan hom toebedeel nie.

10 Lof sal verkondig word **deur Wysheid**, en JaHWeH sal Haar onderrig.